

# Profetiese Beloftes

na die

## Fees van Ongesuurde brode

---

Hierdie is my seisoen, want ek is geseënd ooreenkomstig Jes 66, die Gees van die Lewende God is op my lewe daarom is ek geseënd met alle hemelse seëninge.

Ek verklaar dat die GEES van YaHWeH is inwonend in my lewe, die steen is weggerol wat my ingeperk het, en dit wat my afgetrek het is verpletter, die rekke wat my teruggetrek is gesny, die sonde wat my agtervolg en inhaal asof ek hulle eiendom is, is in die see verpletter.

Ek profeteer dat die 666 lewensaar wat my gevoed het met sonde en ongeregtigheid is geknip en my voedingsbron is 777, die Lewende water vanuit die troon van GOD.

Ek beskik oor dunamis krag vanwee die inwonende Heilige Gees, ek roep in dieselfde krag wat Yahshua uit die dood opgewek het, roep die dinge wat nog nie bestaan nie asof dit bestaan in my lewe. Ek is toegerus met wysheid, insig, raad, krag en sterkte en ek sal soos Joshua my beloofde land inneem.

Enige strydwa van Egipte sal ek nooit weer sien nie. Ek verklaar, profeteer en mobiliseer GOD se Woord in my lewe dat YaHWeH is my Krygsman en die watervloede sal my vyande oordek en hulle sal sink soos lood. U Regterhand is verheerlik deur Dunamis KRAG en U regterhand verpletter die vyand.

In U grote Hoogheid werp U diegene neer wat teen MY/U opstaan want U stuur 'n toornloed uit oor my vyande wat my wil agtervolg en inhaal en U verteer hulle soos 'n stoppel.

Ek is in-geent in die beloftes van Abraham deur die saad en bloed van die Lam, Yahshua ons Messias en sal geniet die opbrenings van Abraham. Elke belofte aan Abraham sal in my lewe opstaan met dunamis krag en ek sal die sout van die aarde wees, die lig van die wêreld deur U opstandingskrag om hemel, aarde toe te bring.

Ek verklaar dat my seisoen is 'n seisoen van opstaan en uitstaan in elke area van my lewe. My geloof sal versterk, My gehoorsaamheid sal in opstandingskrag manifesteer en ek sal leef in gehoorsaamheid en in geestelike vermeerdering wandel daarom verklaar ek sukses oor my lewe.

Ek spreek vrugbaarheid oor my lewe, vrugbaarheid oor my hande, my eiendom, my geld en my familie. Ek is gesalf met vars olie en Vader sal Sy skatkamers in die hemel oor my oopmaak om te reën op my lewe daarom sal ek uitleen en nie hoef te leen nie en al die werk van my hande sal geseënd wees.

Al die seëninge van die Woord van die Lewende God sal oor my kom, as ek nougeset daarin wandel en nie links of regs daarvan afwyk nie, dan sal Sy beloftes my inhaal as ek goed luister na die stem van YaHWeH my Elohim... en ek sal in die huis van YaHWeH woon in lengte van dae, die 'Shekinah Glory Light of God' sal my lig wees en dit sal my lei soos 'n wolkkolom en vuurkolom.

My ingang en uitgang is geseënd, die vrug van my liggaam, my hande, my land, my vee, my geld is geseënd. Die vyande wat teen my sal opstaan sal verslaan word, op een pad sal hulle na my kom en op sewe verskillende weë van my af wegvlug. Ek verklaar dat YaHWeH Sy skatkamers oor my sal oopmaak en op my laat reën op die regte tyd en hiermee neem ek my verantwoordelikheid op dat hierdie wetboek nie uit my mond sal wyk nie en ek sal nie agter ander gode aanloop en hulle nie dien nie.

Soos wat YaHWeH met Moses en Aaron was so sal HY ook met my wees en elke plek waar ek my voetsool neersit sal my eiendom wees en niemand sal voor my standhou al die dae van my lewe in Yahshua se Naam.

Hallelu-Yah.....

---

Menorah Tabernakel  
16 Negende Straat, Cloverdene, Benoni



Pastoor Frik Weideman  
083 459 5158 | frik@menorahministries.co.za  
www.menorahministries.co.za

